



eduresourceza.com



INTERNASIONALE SEKONDÊRE SERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2023

REKENINGKUNDE: VRAESTEL I

Tyd: 2 uur

200 punte

INLIGTINGSBOEKIE

VRAAG 1 VERVAARDIGING**(38 punte, 22 minute)****Inligting aangaande Tanatswa Bandevervaardigers**

Tanatswa Bandevervaardigers produseer goedgekeurde motorbande en verkoop dit aan die publiek. Inligting vir die finansiële jaar geëindig 30 September 2023 word verskaf.

1. Voorraadsaldo's:	30 September 2023	1 Oktober 2022
Grondstowwe	R25 179	R28 776
Goedere-in-bewerking	?	30 000
Klaarprodukte	10 494	110 550
Fabriekverbruiksgoedere	2 514	1 749

2. Opsomming van transaksies vir die jaar geëindig 30 September 2023:

Aankope van grondstowwe (verwys na bykomende inligting iv)	?
Vraggeld op grondstowwe gekoop	21 200
Verbruiksgoedere vir die fabriek vir kontant gekoop	25 230
Skoonmaakmateriaal vir die kantoor gekoop	12 330
Produksielone	423 400
WVF-bydrae vir die fabriekswerknemers	?
Salarisse: Fabrieksvoorman	184 900
Administrasie	189 000
Verkoopspersoneel	217 000
Water en elektrisiteit	138 840
Diverse uitgawes: Fabriek	89 910
Administrasie	76 200
Verkoopsafdeling	68 390

3. Bykomende inligting:

- (i) Die water-en-elektrisiteit-rekening vir September en Oktober 2023 is reeds gedurende September 2023 betaal en opgeteken. R3 240 is die bedrag wat vir Oktober 2023 betaal is. 25% van die water en elektrisiteit word gelykop tussen die verkoopsafdeling en die administrasie-afdeling verdeel, terwyl die res aan die fabrieksafdeling toegedeel word.
- (ii) Motorbande word verkoop teen R1 100 elk (60% winsgrens op kosprys). Die verkope vir die finansiële jaar het R1 760 000 beloop.

- (iii) Die loon vir 'n fabriekswerker vir die laaste week van September 2023 is uit die Lonejoernaal weggelaat. Sy besonderhede is:

Netto loon	R10 206
Aftrekkings:	
LBS (18% van bruto loon)	?
WVF (1% van bruto loon)	?
Die werkgewer dra op 'n rand-vir-rand-basis tot WVF by	

- (iv) Die besending grondstowwe (natuurlike rubber), wat uit die Filippyne ingevoer is, is op 30 September 2023 afgelewer. **Geen inskrywing** is egter verwerk nie. Die koste was soos volg: koste van grondstof is ₪289 000, vraggeld op aankope is gelyk aan 10% van die aankope, invoerbelasting is R9 537 op hierdie grondstowwe wat gekoop is. Die wisselkoers was ₪1 = R0,33.
- (v) Tydens 'n fisiese voorraadopname van grondstowwe op 30 September 2023 is 990 meter natuurlike rubber teen R85,47 per meter opgeteken in plaas van R74,97 per meter. Dit moet reggestel word.
- (vi) Die totale administrasiekoste **na** inagneming van die aansuiwerings beloop R300 130.
- (vii) Totale verkoops- en verspreidingskoste **na** inagneming van die aansuiwerings beloop R307 990.
- (viii) Koste per eenheid:

	30 September 2023	1 Oktober 2022
Veranderlike koste per eenheid	R1 020	
Direkte materiaalkoste	R74,97	R85,47
Direkte arbeidskoste	R28,59	R20,70

VRAAG 2 KONTANTVLOEISTATE**(64 punte; 38 minute)****Inligting aangaande Siyabonga Bpk**

Siyabonga Bpk is 'n maatskappy wat Eskom van steenkool voorsien. Hul finansiële jaar eindig op 31 Oktober elke jaar. Siyabonga Bpk het 1 000 000 gemagtigde gewone aandele.

Uittreksel uit die Staat van Omvattende Inkomste vir die jaar geëindig 31 Oktober 2023:

Ander inkomste	2 505 100
Bedryfsuitgawes	18 014 700
Rente op verband	?
Wins voor inkomstebelasting	544 000
Wins na inkomstebelasting	366 480

Bedryfsuitgawes sluit waardevermindering op voertuie, R115 500, sowel as die waardevermindering op toerusting, R99 000, in.

Staat van Finansiële Posisie soos op 31 Oktober

BATES	Aant.	2023 R	2022 R
Niebedryfsbates		21 093 700	21 168 000
Vaste/Tasbare bates		20 987 700	21 098 300
Finansiële bates: Belegging by Nedbank Bpk		106 000	69 700
Bedryfsbates		19 250 800	16 648 500
Voorraad (slegs handelsvoorraad)		8 277 300	7 193 300
Handels- en ander ontvangbare rekeninge		4 207 600	3 743 700
Kontant en kontantekwivalente		6 765 900	5 711 500
Totale bates		40 344 500	37 816 500
EKWITEIT EN LASTE			
Aandeelhoudersbelang		3 715 700	3 386 200
Gewone aandeelkapitaal		1 315 000	600 000
Behoue inkomste		2 400 700	2 786 200
Niebedryfslaste		13 656 500	14 322 700
Verband: ABSA		13 656 500	14 322 700
Bedryfslaste		22 972 300	20 107 600
Handels- en ander bedrae betaalbaar		13 065 200	12 198 800
Bankoortrekking		9 907 100	7 908 800
Totale ekwiteit en laste		40 344 500	37 816 500

Aantekeninge by die finansiële state	2023 R	2022 R
Handels- en ander ontvangbare rekeninge	4 207 600	3 743 700
Handelsdebiteure	3 218 800	3 430 200
Opgelope inkomste	324 200	209 500
Vooruitbetaalde uitgawes	121 900	104 000
SAID: Inkomstebelasting	542 700	0
Handels- en ander bedrae betaalbaar	13 065 200	12 198 800
Handelskrediteure	10 248 700	9 104 600
Vooruitontvange inkomste	2 431 400	2 046 800
Aandeelhouders vir dividende	385 100	353 300
SAID: Inkomstebelasting	0	694 100

Bykomende inligting:**1. Gewone aandeelkapitaal:**

Uitgereik en terugkoop:

- 480 000 gewone aandele was aan die begin van die jaar uitgereik. Op 1 Desember 2022 het die direkteure van die maatskappy 65 000 gewone aandele teen R6,50 per aandeel teruggekoop.
- Op 1 Junie 2023 het die direkteure van die maatskappy 122 500 bykomende gewone aandele teen R6,50 uitgereik.

2. Dividende vir die 2023 finansiële jaar:

- Tussentydse dividend: R25 630
- Finale dividend: R385 100

3. Tasbare/Vaste bates:

- 'n Voertuig is gedurende die jaar teen drawaarde vir kontant verkoop. Die verkoop is opgeteken. Die kosprys van hierdie voertuig was R350 000 en opgehoopte waardevermindering op die datum van verkoop was R247 900. Waardevermindering op hierdie voertuig is ingesluit in die waardeverminderings-bedrag wat op bladsy iv gegee word.
- Tasbare bates is gedurende die jaar gekoop.

4. Die huidige verband is gedurende die jaar met R64 000 verhoog. Hierdie transaksie is opgeteken. Rente op die verband word gekapitaliseer. Siyabonga Bpk het gelyke maandelikse betalings van R150 750 aan ABSA gedoen om rente en verband-terugbetalings te dek. Bereken die rente op die verband.

VRAAG 3 MAATSKAPPY FINANSIËLE STATE**(68 punte, 42 minute)****Inligting aangaande Chimamanda Bpk**

Chimamanda Bpk is 'n internasionaal erkende produsent van geriefsmaaltydoplossings vir klante in die hele Suid-Afrika, Afrika suid van die Sahara en belangrike wêreldmarkte. Die maatskappy het gemagtigde aandeelkapitaal van 1 125 000 aandeel.

Vooraansuiweringsproefbalans vir die jaar geëindig 31 Oktober 2023.

Staat van Finansiële Posisie-rekeningefdeling	Debiet	Krediet
Gewone aandeelkapitaal (750 000 aandeel)		5 850 000
Behoue inkomste		390 000
Grond en geboue teen kosprys	2 750 000	
Voertuie teen kosprys	3 000 000	
Opgehoopte waardevermindering op voertuie		612 500
Toerusting teen kosprys	389 000	
Opgehoopte waardevermindering op toerusting		56 250
Handelsvoorraad	335 200	
Debiteurekontrole	122 750	
Voorsiening vir oninbare skuld		2 520
Bank	60 050	
Krediteurekontrole		1 266 700
SAID: Inkomstebelasting	275 900	
Nominalerekeningefdeling		
Verkope		6 020 558
Debiteureafslag	20 558	
Koste van verkope	4 800 000	
Direkteursgelde	1 200 000	
Ouditgelde	653 500	
Huurinkomste		714 000
Skryfbehoeftes	56 990	
Salarisse en lone	988 800	
Telefoon	203 620	
Oninbare skuld	6 535	
Herstelwerk	69 125	
Skenking	23 500	
Kommissie-inkomste		90 000
Dividende op gewone aandeel	47 000	
	15 002 528	15 002 528

Bykomende inligting wat nog nie in ag geneem is nie:

1. Handelsvoorraad ter waarde van R81 500 is op 27 Oktober 2023 op krediet by Gerhardus Verskaffers gekoop, maar nog **NIE** opgeteken nie.
2. Gedurende die jaar het Chimamanda Bpk handelsvoorraad met 'n kosprys van R10 800 aan Inkateko Project Orphanage Centre geskenk. Geen inskrywings is nog gemaak nie.
3. 'n Kredietnota vir R1 500, wat op 27 Oktober 2023 van Gerhardus Verskaffers ontvang is, is **NIE** in die boeke van Chimamanda Bpk opgeteken nie. Die kredietnota was vir goedere wat gekoop is.
4. Die fisiese voorraadopname op 31 Oktober 2023 het die volgende voorhande getoon:
 - Handelsvoorraad, R405 900
 - Skryfbehoeftes, R5 810
5. Die boekhouer, mej. Tjaart, het 'n betaling van R1 100 op die bankstaat ontdek. Dit is van M. Zayden ontvang as betaling van haar skuld wat vroeër afgeskryf is. Die transaksie is nog **NIE** opgeteken nie.
6. Die enigste huurder, M. Charlize, het nog nie haar huur vir Oktober 2023 betaal nie. Die huur is op 1 April 2023 met 15% verhoog.
7. S. Magriet, 'n debiteur wat R82 000 skuld, is insolvent verklaar. 'n EFO-betaling wat die eerste en finale betaling van 40c in die rand van die uitstaande bedrag verteenwoordig, is ontvang en korrek opgeteken. Die oorblywende saldo moet as oninbaar afgeskryf word. Voorsiening vir oninbare skuld moet aangesuiwer word tot 4% van die goeie debiteure.
8. Die telefoonrekening van R2 300 vir Oktober 2023 sal eers in November 2023 ontvang word.
9. R120 000 en R80 000 is onderskeidelik nog aan direkteure en eksterne ouditeure verskuldig.
10. Die onderneming het vir die laaste twee finansiële jare 'n verlies gely.
11. Vaste/tasbare bates:
 - Voertuie word teen 20% per jaar volgens die verminderendesaldo-metode gedepresieer.
 - Een van die voertuie van Chimamanda Bpk was op 31 Oktober 2023 in 'n ongeluk betrokke en is onherstelbaar. Die versekeringsmaatskappy, Outsurance, het 'n eis van R280 000 aanvaar wat op 25 November 2023 aan Chimamanda Bpk betaal sal word. Die voertuig is op 1 Mei 2021 vir R500 000 deur Chimamanda Bpk gekoop. Geen inskrywings is gemaak nie.
 - Toerusting word teen 15% per jaar volgens die reguitlynmetode gedepresieer.
 - Gedurende die jaar is R9 000 vir herstelwerk aan toerusting op die toerusting-rekening gedebiteer.
 - Die maatskappy het op 1 Augustus 2023 nuwe toerusting vir R14 000 op krediet gekoop. Dit is in gebruik geneem, maar die transaksie is per ongeluk uit die boeke weggelaat.

VRAAG 4 VOORRAAD**(30 punte; 18 minute)****Inligting aangaande Makanza Handelaars**

Jy word voorsien van inligting aangaande Makanza Handelaars vir die finansiële jaar eindigende 31 Oktober 2023. Makanza Handelaars verkoop opvoubare droograkke (om wasgoed droog te maak) aan die groot publiek. Hulle maak van die **periodieke voorraadstelsel** gebruik en waardeer hul voorraad deur die eerste-in-eerste-uit- (EIEU-) metode te gebruik. Die onderneming se hoofkantoor is in Suid-Afrika.

Die onderneming voer sy handelsvoorraad (opvoubare droograkke) van Ghana af in.

Die wisselkoers vir die hele jaar het konstant gebly op:
Ghanese cedi (GH¢) 1 = Suid-Afrikaanse rand (ZAR) 1,50

Vraggeld op aankope per ingevoerde item het onveranderd gebly.

Inligting:**1. Voorraad opvoubare droograkke:**

Die waarde van voorraad aan die begin van die finansiële jaar was soos volg. Dit sluit vraggeldbedrae in.

Datum	Getal items	Prys per item	Totale waarde
1 November 2022	45	R3 006,60	R135 297

2. Aankope van opvoubare droograkke:

Datum 2023	Getal items	Kosprys per item (vraggeld uitgesluit)	Totale aankope (vraggeld uitgesluit)	Totale vraggeld op aankope	Totale aankope (vraggeld ingesluit)
		GH¢	GH¢	GH¢	GH¢
28 Februarie	60	1 994	119 640	84	119 724
30 April	90	1 522	136 980	126	137 106
31 Julie	50	1 620	81 000	70	81 070
31 Oktober	20	1 790	35 800	28	35 828
Totale	220		373 420	308	373 728

3. Terugsendings van opvoubare droograkke:

Makanza Handelaars was nie tevrede met die gehalte van die opvoubare droograkke wat op 30 April 2023 gekoop is nie. 10 opvoubare droograkke is aan die verskaffer teruggestuur aangesien daar 'n vervaardigingsfout was. Die verskaffer sal Makanza Trader se rekening met die kosprys van elke item krediteer. **Die vraggeld op terugsendings is nie terugbetaalbaar nie.**

4. Die fisiese voorraadopname op 31 Oktober 2023 het 26 opvoubare droograkke voorhande getoon.

5. Verkope van opvoubare droograkke:

227 opvoubare droograkke is teen R3 607 elk verkoop.